
## Getal 4 – Storie

Volgende kom die kameelperde. Daar is vier van hulle. (*wys die 4 kameelperde)* Hulle kyk na die drie ander huise en wonder hoe hulle met hulle lang nekke in die huis gaan inpas. Hulle besluit dat hulle vier hoë vensters nodig het omdat daar vier van hulle is, sodat hulle die vensters kan oopmaak en hul lang nekke kan uitstrek.

Die getalsimbool 4 (*wys getalsimbool 4)* en die getalnaam vier (*wys getalnaam 4)* kom voor op die huis waar almal dit kan sien. Op die voordeur kom vier deurklokkies. Wannneer hulle buitentoe gaan, moet hulle baie laag buk om deur die voordeur te kom, net soos wanneer hulle water wil drink, by die stroom daar naby. Wanneer hulle regop staan, is hulle lank genoeg om deur die hoë vensters van hulle huis in te kyk, en hulle kan byna oor hul huis se dak sien. Hulle hou daarvan om langs die Sebras te woon en gesels elke dag met hulle.




## Vraagstelling

- Wie het al 'n kameelperd gesien? Waar?
- Hoe dink jy beweeg hulle?
- Hoe beweeg 'n olifant/sebra/ meerkat dan?
- Hoeveel meer kameelperde is daar as meerkatte?
- Hoeveel minder meerkatte is daar as kameelperde?
- As een kameelperd na die meerkatte (3) se huis toe gaan, hoeveel diere sal daar in die meerkatte se huis wees? [1 sit nog 3 by, nou is daar 4 diere]